GRAAD11: BESIGHEIDSTUDIES
WERKBOEKAKTIWITEITE

1. VOORDELE VAN 'N MAATSKAPPY **DATUM: _____**

1.1. Noem VIER aspekte wat by die MOI ingesluit moet word. (4)

1.2. Definieer die volgende konsepte:

1.2.1. Koöperasie (2)

1.2.2. Aanvanklike openbare bydraes (2)

1.3. Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Jabu, Judith en Jonny is gegradueerde regslui. Hulle wil 'n regsbesigheid stig waar die lede gesamentlik en afsonderlik vir die skuld van die besigheid aanspreeklik is. Daar is geen regsvereistes om so 'n besigheid te begin nie behalwe dat 'n ooreenkoms opgestel moet word.

1.3.1. Noem die ondernemingsvorm wat in die scenario hierbo van toepassing is. (2)

1.3.2. Haal TWEE eienskappe van die ondernemingsvorm wat in VRAAG 1.3.1 genoem is uit die scenario hierbo aan. (2)

1.3.3. Beskryf die voordele van die ondernemingsvorm wat in VRAAG 1.3.1 genoem is. (6)

1.4. Tabuleer die verskille tussen 'n publieke maatskappy en 'n private maatskappy. (8)

1.5. Identifiseer die ondernemingsvorm wat deur ELKE stelling hieronder verteenwoordig word:

1.5.1. Zuki Bakkery is persoonlik verantwoordelik vir skuld en verliese van haar besigheid. (2)

1.5.2. By Jakes BK is lede ook bestuurders van die besigheid. (2)

1.6. Bespreek die voordele daarvan om 'n maatskappy eerder as ander ondernemingsvorms te stig. (6)

1.7. Bespreek die voordele van 'n persoonlike-aanspreeklikheid-maatskappy. (4)

1.8. Maak 'n lys van VIER aspekte wat by die prospektus ingesluit moet word. (4)

2. MANIERE OM 'N BESIGHEID TE VERKRY **DATUM: _____**

2.1. Verduidelik die redes waarom 'n entrepreneur kan besluit om 'n bestaande besigheid te koop. (8)

2.2. Bespreek die nadele van uitkontraktering. (6)

2.3. Gee in breë trekke VIER kontraktuele implikasies van 'n franchise. (8)

2.4. Bespreek die voordele van verhuring vir die verhuurder. (8)

2.5. Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUPER HOENDER (SH)

Super Hoender (SH) is by verskillende afsetpunte in die land beskikbaar. Mnr. Naidoo, die eienaar van SH, laat nuwe entrepreneurs toe om teen vergoeding hulle eie besighede, met gebruik van sy besigheidsnaam en handelsmerk, te begin.

2.5.1. Identifiseer die tipe besigheidsmanier/-metode wat in die scenario hierbo beskryf word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)

2.5.2. Noem TWEE ander besigheidsmaniere/metodes wat SH kan gebruik om 'n besigheid te begin. (2)

2.5.3. Verduidelik die voordele van die tipe besigheidsmanier/-metode wat in VRAAG2.5.2 geïdentifiseer is. (4)